Leef saam
HUISGELOOF

## WELKOM

Vertel mekaar van geleenthede waar julle aspris of per ongeluk iets met die verkeerde item gedoen het, byvoorbeeld pap met 'n vurk geëet het, jou ma se broek aangetrek het of tee uit 'n bakkie gedrink het. Hoekom het dit so gebeur?

## WONDER

Vandag gaan ons van Gideon lees. Gideon is besig om koring uit te vel (uit te skud) in 'n parskuip. 'n Mens vel koring in die oopte sodat die wind die kaf kan wegwaai. 'n Parskuip was 'n gat in die grond waarin druiwe uitgetrap is om wyn te maak. Gideon is besig om die koring op die verkeerde plek uit te vel, want hy kruip weg. Hy is bang.

Lees Rigters 6:1-12 saam.

Gesels saam:

- Die Engel groet vir Gideon met die woorde: "Die Here is met jou, dapper kryger!" Hoekom sou hierdie woorde vir Gideon skok?
- Die Engel gee vir Gideon die opdrag om teen die Midianiete op te staan. Die Here wil deur hom sy volk red. Watter verskonings dink Gideon uit?
- Gideon het baie foute gehad, maar die Here gebruik hom. Kan julle aan iemand dink wat ook foute het, maar steeds goeie dinge in die lewe bereik het en deur God gebruik is?

## WEES

Neem 'n paar oomblikke tyd om almal in die huis te herinner aan die goeie eienskappe wat julle in daardie persoon sien. Vertel mekaar van hierdie eienskappe en hoe God dit kan gebruik. Voorbeeld: Jannie, jy het so mooi hart. Jy gee altyd vir mense om. Die Here kan jou gebruik om mense te begelei om hulle volle potensiaal te bereik.

## WEGSTUUR

Sluit af deur vir mekaar ʼn seëngebed te doen:

Mag jy besef hoe spesiaal jy is. Mag jy besef dat jy hierdie eienskap het. Mag jy hierdie eienskap tot eer van die Here gebruik. Amen.

Bid dit vir elkeen in die huisgesin. Die kinders kan dit selfs vir die ouers bid.

---